higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

(11020263)

12 Februarie 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

054Q1S2026

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Nadele van pyplyne is dat hulle nie buigbaar is nie en beperk is met betrekking tot produkte wat vervoer kan word.

1.2 Die mees unieke eienskap van padvervoer is die vermoë om voorsiening te maak vir keuse en buigbaarheid.

1.3 Die hoofnadeel van seevervoer is die beperkte omvang van werksaamhede en spoed.

1.4 Een van die voordele van lugvervoer is dat dit die gerieflikste vervoerwyse is tydens natuurlike rampe.

1.5 Die hoofdoelwit van die tenderproses is om SEB ('BEE') te bevorder.

1.6 Bestellingsprosessering ('order processing') is die proses waardeur bevestig word dat die produk beskikbaar is.

1.7 Problematiese klante kan 'n gebrek aan kennis hê van jou produk, diens of beleid.

1.8 Verskillende vervoerwyses het nie voordele of beperkings nie.

1.9 Mensaangedrewe ('man-driven') verwys na individue wat goedere op hul kop of met 'n fiets vervoer.

1.10 Kabelbane/-spore ('ropeways') word dikwels gebruik om op water te reis.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Materiaalhanterings-toerusting	A	pakhuis
2.2	Skat die hoeveelheid dienste of produkte wat verbruikers wil koop	B	transito ('in-transit') inventaris
2.3	Veilige bewaring van goedere en materiaal	C	omgekeerde logistiek
		D	optellys ('pick list')
2.4	Vernietiging en agteruitgang van materiaal as gevolg van die omgewing	E	kraan ('crane')
2.5	Voorraad wat na die klant vervoer word	F	verwering
2.6	Voorsiening van hoeveelheid en aantal	G	herbenutting
2.7	Lys van items wat in die pakhuis bymekaargemaak moet word	H	elektroniese oorplasing van fondse ('EFT')
2.8	Klant gee aan die bank instruksies om 'n diensverskaffer te betaal	I	palletisering ('palletising')
		J	vraagvooruitskatting
2.9	Proses om 'n produk te hergebruik (vir meer as die bedoelde gebruik)	K	faktuur
2.10	Terugneem van goedere as gevolg van swak kwaliteit		

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Noem DRIE tipes padvervoer. **[3]**

VRAAG 4

4.1 Lees die scenario en beantwoord die vrae.

> Oorlading in pakhuise is 'n voortdurende stryd vir die bestuur van 'n groot persentasie pakhuise.
> Pakhuisbestuurders regoor die hele VSA raadpleeg ons pakhuiskonsultante elke dag om oplossings te vind vir hierdie algemene probleem wat jaarliks baie ongelukke veroorsaak.
> Oorlading in 'n pakhuis kan tot 'n verskeidenheid veiligheidsprobleme lei, soos die **oorlading van palletrakke**. Dit kan veroorsaak dat die rakke ineensak, voorraad beskadig word en dat daar staantyd in die pakhuis is. Dit kan selfs tot besering van werkers lei.
> **Onvoldoende spasie** kan tot oorvol vloerspasie lei, en as gevolg daarvan meer beserings en ongelukke omdat mense oor goed val en sig beperk is.
> **Meer ongelukke met vurkhysers** vind plaas, omdat daar dikwels nie genoeg spasie is om 'n vurkhyser veilig te draai nie, wat tot gevolg het dat meer werkers in ongeluke betrokke is, asook dat palletrakke beskadig word.

[Bron: *www.dakequipment.com*]

4.1.1 Noem SES faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n pakhuisterrein gekies word. (6 × 2) (12)

4.1.2 Noem VIER gevolge van die verkeerde keuse van 'n pakhuis-terrein. (4)

4.2 Benoem die volgende bergingsitems:

4.2.1



4.2.2



(2 × 1) (2)

4.3 Noem VYF rolle en funksies van verpakking. (5 × 2) (10)

[28]

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE tipes gevare en ongelukke wat kan plaasvind indien veiligheidsmaatreëls nie in plek is om die materiaal te beskerm nie. (7)

5.2 Noem SEWE tipes voorraad. (7)

5.3 Noem SES bergingskomponente/-opsies vir die bêre van klein items. (6)

5.4 Noem DRIE dokumente vir voorraadbeheer gebruik word. (3 × 2) (6)

5.5 Noem TWEE gevolge van onbehoorlike voorraadbeheer. (2)

[28]

VRAAG 6

6.1 Voltooi die volgende bestellingsproses-siklus vanaf die punt wat die bestelling ontvang is, tot die punt van aflewering, deur die prosesse uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

aflewering; roetebepaling; voorbereiding; bymekaarmaak ('picking'); verkoopbestelling; verspreiding



(6 × 2) (12)

6.2 Noem DRIE verkopers en verskaffers van vragvervoerders ('freight carriers'). (3)

6.3 Noem en verduidelik DRIE tipes dokumente wat by verskillende stadiums van die bestellingsiklus gebruik word. (3 × 2) (6)

6.4 Noem DRIE verskillende tipes verspreidingskommunikasie. (3)
[24]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Definieer die term *waarheidsmoment.* (1 × 2) (2)

7.1.2 Noem TWEE tipiese voorbeelde van 'n waarheidsmoment in die vraglogistiekomgewing. (2 × 1) (2)

7.2 Noem en verduidelik VYF fundamentele beginsels om te volg wanneer jy met problematiese klante te doen kry. (5 × 2) (10)

7.3 Noem VYF doelwitte van instandhouding en diens-ondersteuning en gee 'n verduideliking van elkeen. (5 × 2) (10)
[24]

VRAAG 8

8.1 Beskryf kortliks SES sleutelelemente van 'n terugneembeleid. (6 × 2) (12)

8.2 Wetgewing maak voorsiening vir die beskerming van die omgewing tydens skrootherwinning en -verwydering. Met betrekking tot hierdie wetgewing:

8.2.1 Noem EEN wetgewende raamwerk. (2 × 1) (2)

8.2.2 Verduidelik kortliks VIER kriteria van hierdie wetgewende raamwerk. (4 × 2) (8)

8.3 Noem die dokument wat voltooi moet word om aan te dui dat terugneemgoedere in ooreenstemming met beleidsvereistes hanteer word. (1)
[23]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou